

WBTI-handleiding van die Ouditeur-generaal Inhoud

Afdeling	Titel	Bladsy
1	Struktuur, funksies en dienste van die Ouditeur-generaal	2
2	Kategorieë rekords van die Ouditeur-generaal wat beskikbaar is sonder om ingevolge die Wet toegang te versoek	8
3	Onderwerpe en kategorieë rekords wat oor elke onderwerp gehou word by die Ouditeur-generaal, volgens besigheidseenheid en streek.	9
4	Hoe om inligting te versoek van die Ouditeur-generaal	14
5	Regsmiddele wanneer die Ouditeur-generaal in gebreke bly om op 'n versoek te antwoord	14
Aanhangsels		
A	Lys van departemente in die openbare sektor en ander instellings wat deur die Ouditeur-generaal geaudit word	15
B	Kontakbesonderhede van die inligtingsbeampte van die Ouditeur-generaal en adjunk-inligtingsbeamptes ¹	32
C	Vorm A: Versoek om toegang tot rekords van 'n openbare liggaam	37

Hierdie handleiding ...

word gepubliseer ooreenkomstig artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000). Dit bevat 'n beskrywing van die struktuur, funksies en dienste van die Ouditeur-generaal en die beskikbaarheid van sy rekords as 'n openbare liggaam. Hierdie handleiding is beskikbaar in Engels, Afrikaans, Zulu en Sepedi. Kopieë in ander amptelike tale kan op versoek beskikbaar gestel word deur die inligtingsbeampte.

Ons is 'n onafhanklike wêreldklasvoorsiener van ouditdienste en verwante waardetoegevoegde dienste in die openbare sektor.

Die Ouditeur-generaal het 'n grondwetlike mandaat en as die Hoogste Ouditinstelling (HOI) van Suid-Afrika bestaan dit om ons land se demokrasie te versterk deur toesig, aanspreeklikheid en bestuur in die openbare sektor moontlik te maak, en sodoende openbare vertroue te bou.

Afdeling een:

Die struktuur, funksies en dienste van die Ouditeur-generaal **Wetgewende mandaat**

Die rol van die Ouditeur-generaal word omskryf in artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Die Grondwet stipuleer dat die Ouditeur-generaal die eksterne ouditeur is van alle nasionale en provinsiale staatsdepartemente en –administrasies, alle munisipaliteite en enige ander instelling of rekeningkundige entiteit wat by nasionale of provinsiale wetgewing vereis word om deur die Ouditeur-generaal geaudit te word. Die Ouditeur-generaal word aangestel deur die President, op aanbeveling van

¹ Adjunk-inligtingsbeamptes word aangewys ingevolge artikel 17 (1) van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) om die inligtingsbeampte van hulp te wees in die implementering van WBTI-versoeke in hulle Sake-eenhede

die Nasionale Vergadering, vir 'n niehernubare termyn van tussen 5 en 10 jaar.

Die statutêre mandaat vir die funksies van die Ouditeur-generaal is vasgelê in die Grondwet en die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004). Die Wet op Openbare Oudit, wat sowel die Wet op die Ouditeur-generaal, 1995 (Wet No.12 van 1995), en die Ouditreëlingswet, 1992 (Wet No. 122 van 1992), herroep het, maak voorsiening vir die instelling van en toewysing van funksies aan die Ouditeur-generaal sowel as sy of haar pligte betreffende die administrasie daarvan. Die Wet op Openbare Oudit omskryf die Ouditeur-generaal as die opperste en onafhanklike ouditinstelling van die Republiek, slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe, bemaagtig om sy of haar funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uit te oefen en te verrig. Die Ouditeur-generaal is in oorhoofse beheer van en aanspreeklik vir sy of haar administrasie.

Die Adjunk-ouditeur-generaal

Die Adjunk-ouditeur-generaal is die hoof van die administrasie en moet die funksies van die instelling in ooreenstemming met die opdragte van die Ouditeur-generaal verrig. Die Adjunk-direkteur-generaal is die rekenpligtige amptenaar in die administrasie van die Ouditeur-generaal.

Die Adjunk-direkteur-generaal word deur die Ouditeur-generaal aangestel na oorlegpleging met die Staande Komitee oor die Ouditeur-generaal (SkoOG), vir 'n termyn van hoogstens vyf jaar, maar wat hernubaar is vir 'n verdere tydperk van hoogstens vyf jaar.

Ouditeur-generaal se opdrag om die openbare sektor te ouditeer

Artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, plaas 'n spesifieke verantwoordelikheid op die Ouditeur-generaal, naamlik om die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van die volgende instellings en instansies te ouditeer en daarvoor verslag te doen :

- a) alle nasionale en provinsiale staatsdepartemente en administrasies ;
- b) alle munisipaliteite; en
- c) enige ander instelling of rekenpligtige instansie wat ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word.

Voorts laat die Grondwet die Ouditeur-generaal toe om die rekenings, finansiële state en finansiële bestuur van enige van die volgende instellings te ouditeer en daarvoor verslag te doen:

- a) enige instelling wat uit die Nasionale Inkomstefonds of 'n Provinsiale Inkomstefonds of deur 'n munisipaliteit gefinansier word; of
- b) enige instelling wat ingevolge enige wet gemagtig is om geld vir 'n openbare doel te ontvang.

Benewens die vereistes van die Grondwet, moet die Ouditeur-generaal, onder andere, die pligte uitvoer soos gespesifiseer in die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) (WOO). Ingevolge artikel 13(3(b)) kan die Ouditeur-generaal spesifieke opdragte oor die standarde vir oudits uitreik. Hierdie opdragte word jaarliks uitgereik in die vorm van 'n *Goewermentskennigewing*. Alle oudits van die openbare sektor moet uitgevoer word ingevolge die opdragte en verwysing moet gemaak word na die tersaaklike *Goewermentskennigewing* in alle dokumentasie benewens ISA2.

Oudit soos genoem in artikel 1(1) van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), word omskryf as die ondersoek of nagaan, ooreenkomstig en ige toepaslike ouditstandaarde, van die aspekte waarvoor verslag gedoen moet word ingevolge artikel 20 of 28 van die Wet.

Kernbesigheid: Ouditdienste

Gereeldheidsouditering

Gereeldheidsouditering omvat sowel finansiële ouditering en die oorweging en toetsing van nakoming van wette en regulasies. Die ouditeringsbenadering wat in die kantoor van die Ouditeur-generaal gevolg word, is 'n kombinasie van risikogebaseerde en 'n transaksiesiklusbenadering .

a) *Finansiële oudit*

Artikel 20(2)(a) van die WOO vereis dat 'n ouditverslag 'n weerspieëling moet lewer van die menings en uitsprake wat vereis word deur enige wetgewing van toepassing op die geouditeerde en wat die onderwerp van die oudit uitmaak, maar moet minstens 'n mening of gevolgtrekking weerspieël oor -
die vraag of die finansiële jaarstate van die geouditeerde, in elke wesenlike opsig, 'n juiste weergawe is van die finansiële posisie op 'n bepaalde datum en van die resultate van sy bedrywighede en sy

kontantvloei vir die tydperk geëindig op daardie datum ooreenkomstig die toepaslike finansiële raamwerk en wetgewing.

Die doelwit van 'n finansiële outdit is om die outiteur in staat te stel om 'n mening uit te spreek oor die juiste weergawe in die finansiële state in ooreenstemming met 'n toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk en/of statutêre vereistes. 'n Oudit van finansiële state is 'n opdrag om gerusstelling te kry. So 'n opdrag is een waarin 'n outiteur 'n gevolgtrekking uitspreek wat bedoel is om die mate van vertroue te verhoog van die voorgenome ander gebruikers as die verantwoordelike party, oor die uitkomst van die evaluering of meting van 'n onderwerp teen 'n maatstaf.

Die outiteur moet vasstel of die finansiële verslagdoeningsraamwerk wat deur bestuur in voorbereiding van die finansiële state gevolg is, aanvaarbaar is in ag genome die aard van die geouditeerde.

b) Nakoming van wette en regulasies

Artikel 20(2)(b) van die WOO vereis dat 'n outitverslag sodanige menings en verklarings weerspieël as wat vereis kan word deur enige wetgewing wat van toepassing is op die geouditeerde wat die onderwerp van die outdit is, maar moet minstens 'n mening of gevolgtrekking weergee van die **die geouditeerde se nakoming van wetgewing van toepassing op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede.**

Hierdie aspek van gereeldheidsouditering moet nie verwar word nie met beheertoetse wat die outiteur uitvoer om die toereikendheid en betroubaarheid vas te stel van 'n instansie se rekenpligtige en interne beheerstelsel. Daar word egter aanvaar dat nienakoming van wette, reëls en regulasies 'n impak sal hê op die rekenpligtige en interne beheerstelsels, en omgekeerd.

Ouditeurs moet nie menings verskaf (in 'n regsbetekenis) rakende 'n openbare sektor -instansie se nakoming van wette en regulasies nie behalwe die algemene gerusstelling wat verskaf word as uitvloeisel van die jaarlikse outdit.

Hierdie beginsel word onder andere ondersteun deur ISA250, wat verklaar:

Hetsy 'n daad nienakoming uitmaak of nie, is 'n regsvasstelling wat gewoonlik buite die outiteur se beroepsbevoegdheid val. Die outiteur se opleiding, ondervinding, en begrip van die instansie en sy werksaamheid kan 'n basis vir erkenning verskaf dat sommige handeling wat onder die outiteur se aandag kom nienakoming van wette en regulasies kan uitmaak. Die vasstelling oor of 'n bepaalde daad nienakoming uitmaak of waarskynlik uitmaak of nie, word gewoonlik gebaseer op die advies van 'n ingeligte deskundige wat gekwalifiseer is om die regsberoep te beoefen, maar kan uiteindelik slegs bepaal word deur 'n gereghof.

Ouditering van prestasie-inligting

Artikel 20(2)(c) van die WOO vereis van die Ouditeur-generaal om 'n verslag voor te berei oor die outdit om 'n mening of gevolgtrekking weer te gee oor die gerapporteerde inligting betreffende die prestasie van die geouditeerde teen voorafbepaalde doelwitte.

Die WOO-vereistes betreffende die outdit van prestasie -inligting is van toepassing op die hele sfeer van regering soos weerspieël in artikel 4 van die WOO, insluitende nasionale, provinsiale en plaaslike regering, openbare instellings – dié wat die Ouditeur-generaal verkies om te verrig en verkies om nie te verrig nie – en ander instellings wat befonds word met openbare geld of instellings wat geld ontvang vir openbare doeleindes.

Gedurende 2003 is 'n studie uitgevoer en 'n strategie, wat insluit 'n benadering om prestasie -inligtingsoudits in te faseer, is ontwikkel. As deel van die strategie is 'n wydstrekkende doelwit van sewe jaar voorgestel. Die Ouditeur-generaal en Exco het in 2003 ooreengekom op die strategie, benadering en onderliggende beginsels vir die ouditering van prestasie-inligting. Daar word dus geantisipeer dat 'n outitmening of gevolgtrekking slegs deur die OG gegee kan word na die implementering van die strategie en benadering. *Algemene Kennisgewing No. 808* uitgereik in *Staatskoerant No. 28954 van 23 Junie 2006* verklaar dat “*tot verdere inligting in hierdie verband gepubliseer word, geen afsonderlike mening oor prestasie teen voorafbepaalde doelwitte in die outitverslae ingesluit mag word nie*”. (vertaling). Daar sal tot gevolgtrekkings in hierdie verband gekom word as deel van die finansiële outditproses. Verslagdoening sal handel oor wesenlike tekortkominge in die proses van verslagdoening teen voorafbepaalde doelwitte wat onder die aandag van die outiteur gedurende outdit kan kom en wat openbare belang mag hê.

Finansiële bestuur

Ingevolge die Grondwet vereis die Ouditeur-generaal dat finansiële bestuur geudit word.

Daar was verskeie ontwikkelings in die dekking van finansiële bestuur binne die OG oor die afgelope paar jaar. Dit het in 'n hoogtepunt bereik in 'n benadering waar alle entiteite geëvalueer word teen 'n moontlikheidsmodel.

Gespesialiseerde Ouditeringsdienste:

Prestasie-oudits

Kategorie 1

'n Kategorie 1-prestasie-oudit word gedoen deur middel van 'n waarde-vir-geld-benadering. Die beginsel van geïntegreerde ouditering omvat die integrasie van die waarde-vir-geld (WG)-stelling in die reëlmagheidsouditproses. Die ouditering van ekonomiese verkryging en doeltreffende benutting van hulpbronne word derhalwe gedoen gedurende stelsevaluering en trans aksietoetsing as deel van die roetine-ouditproses.

Artikel 20(3) van die WOO bepaal dat die OG kan verslag doen oor of die geouditeerde se hulpbron ekonomies bekom en doeltreffend en doelmatig benut is.

Kategorie 2

'n Kategorie 2-prestasie-oudit word omskryf as 'n prestasie-oudit wat gedoen word volgens die riglyn vir die beplanning en uitvoering van en rapportering oor prestasie-oudits in die openbare sektor, maar dit word nie uitgevoer op een van die goedgekeurde prestasietemas nie. Die fokusarea sal bepaal word gedurende die beplanningsfase van die oudit.

Kategorie 3

'n Kategorie 3-prestasie-oudit word omskryf as 'n prestasie-oudit wat gedoen word volgens die riglyn vir die beplanning en uitvoering van en verslagdoening oor prestasie-oudits in die openbare sektor, maar dit word gedoen op een van die transversale temas.

Ondersoeke (forensiese ouditering)

Onderszoek, soos beoog in artikel 5(1)(d) van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), word omskryf as 'n onafhanklike en objektiewe proses waar prosedures uitgevoer word ooreenkomstig die OG se riglyne ter fasilitering van die voorkoming, opsporing en ondersoek van wanadministrasie, onbehoorlikheid en oneerlikheid in die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van 'n instelling bedoel in artikel 4(1) en artikel 4(3) van die Wet, en wat kan lei tot 'n regsgeding vir beslissing. 'n Onderszoek kan uitgevoer word waar die OG –

- dit beskou as in die openbare belang ;
- 'n klagte ontvang betreffende sodanige in stelling of sy aangeleenthede; of
- 'n versoek ontvang betreffende sodanige instelling of sy aangeleenthede; en
- dit paslik ag.

Dit kan lei tot 'n verslag (soos beoog in artikel 20 van die WOO) of 'n spesiale verslag (soos beoog in artikel 29 van die WOO).

Ouditering van Inligtingstelsels

Ouditering van Inligtingstelsels speel 'n belangrike rol in die bedrywighede van die Ouditkantoor. Die meeste van die meer as 1 300 entiteite wat jaarliks deur die OG geouditeer word, gebruik gerekenariseerde inligtingstelsels wat aansienlik wissel in grootte en kompleksiteit. Die rol van die Inligtingstelselouditering-sake-eenheid is om die funksionele ouditkomponente te ondersteun om doelmatig en doeltreffend hulle verantwoordelikhede in die omgewing van inligtingstelsels na te kom deur navorsing en ontwikkeling van inligtingstelsels te onderneem en opleiding te verskaf sowel as koördinerende, gehalteversekering en gespesialiseerde inligtingstelseloudits en -steun.

Internasionale ouditering

Die Ouditeur-generaal het sistematies die portefeulje van internasionale oudits oor 'n tydperk van meer as 10 jaar opgebou. Benewens ons heraanstelling as lid van van die Raad van Eksterne Ouditeurs van die Verenigde Nasies is ons aangestel as die eksterne ouditeurs van die Verenigde Nasies se Nywerheidsontwikkelingsorganisasie, die Spesiale Hof vir Sierra Leone, sowel as die Internasionale Sentrum vir Genetiese Ingenieurswese en Biotegnologie. Elke opdrag behels 'n aantal afsonderlike oudits. Benewens hierdie opdragte het die kantoor sy internasionale ouditeringbedrywighede gerasionaliseer om in te sluit die ouditering van die Departement van Buitelandse Sake, die Afrika Renaissance- en Internasionale Samewerkingsfonds in hierdie portefeulje. Die Internasionale Afdeling (IA) is in Junie 2001 geskep en behels 'n klein permanente instelling gekomplementeer deur 'n groot groep personeel wat landwyd uit die kantoor gekies is. Die afdeling is derhalwe uniek in dié opsig dat dit 'n weerspieëling is van die kantoor as geheel.

Spesiale oudits

'n Spesiale oudit, soos beoog in artikel 5(1)(d) van die WOO, word omskryf as 'n uitvoerige oorsig en/of ontleding, ooreenkomstig enige toepaslike ouditstandaarde, van sodanige aspekte waarvoor verslag gedoen moet word ingevolge artikels 20 en 29 van die Wet. 'n Spesiale oudit kan uitgevoer word waar die OG –

- dit in openbare belang ag;
- 'n klag ontvang betreffende die instelling of sy aangeleenthede; of
- 'n versoek ontvang betreffende sodanige instelling of sy aangeleenthede; en
- dit paslik ag.

'n Spesiale oudit sal lei tot 'n ouditverslag (soos beoog in artikel 20 van die Wet) of spesiale verslag (soos beoog in artikel 29 van die Wet).

Openbare belang

Die OG kan, in openbare belang, verslag doen oor enige aangeleentheid binne die werksaamhede van die OG (artikel 5(3)). Die WOO gee aan die OG die diskresie om nie alleen oor sekere aangeleenthede verslag te doen nie indien die OU dit in openbare belang ag, maar ook om te besluit wat die openbare belang is in 'n bepaalde konteks. In die eerste geval het die OG 'n nuwe diskresie (is dit in die openbare belang of nie?), terwyl in die tweede geval die OG 'n wye diskresie het (wat maak die openbare belang in hierdie geval uit?) .

In die konteks van die WOO is dit nie wys om openbare belang te omskryf as 'n definitiewe stel faktore nie . Hierdie faktore verskil in terme van die besondere konteks, en 'n poging tot 'n allesomvattende omskrywing sal eerstens te wyd wees en sal, tweedens, byna heeltemal faal om allesomvattend te wees .

Weens die feit dat die OG die openbare belang moet bepaal gedurende rapportering in die konteks van die WOO, moet minstens die volgende kriteria oorweeg word in elke geval waar 'n waardeoordeel gemaak word:

- die belange, insluitende die grondwetlike regte (as daar is), van die betrokke party (of geouditeerde). Daar moet oorweeg word of 'n skending van konstitusionele regte waarskynlik is, en indien wel, of sodanige skending geregtig sou wees (en in die openbare belang) in die omstandighede;
- die belange van die staat;
- die nasionale belang;
- strategiese belange (indien van toepassing), insluitende die langtermynuitwerking van die optrede/besluit;
- die belange van die publiek (of gedeelte van die publiek);
- ekonomiese belange (indien van toepassing);
- regsbelange, insluitende wetsbepalings en die Grondwet;
- hetsy die belang van die betrokke party meer gewig dra as die openbare belang. Met ander woorde, die belang van die individu moet geweeg word in die konteks van die kollektiewe belang ;
- hetsy die publiek beter gedien sou word indien die aksie uitgevoer word, in teenstelling met 'n voortsetting van die status quo; en
- die belangrikheid van openbare hulpbronne. Belangrikheid van bedrywighede word bepaal op die vlak van uitgawe, inkomste, bates, laste, verpligtinge of gebeurlikhede wat betrekking het op dié van die besondere agentskap, sektor of op 'n hele regeeringsvlak.

Ingevolge artikel 5(3) van die WOO, waar die OG die diskresie het om 'n verslag voor te lê of nie, is 'n bykomende vereiste om die bewese feite van die saak te oorweeg (sonder spekulasie of aannames) .

Elkeen van bogenoemde faktore moet gedokumenteer word as bewys dat die OG aandag aan die saak voorhande gegee het.

Steun vir kernsake

Die herstrukturering van Korporatiewe Dienste, met die doel om 'n eenheid van spesialis -adviesdienste te stig om doeltreffende besluitneming te steun, is in November 2005 voltooi.

Die nuwe eenheid is gebaseer op 'n diensleweringmodel wat ontwerp is om die volgende te bereik:

- 'n doeltreffende en kostedoeltreffende vermoë;
- 'n responsiewe produksiegebaseerde bekwaamheid;
- vaartbelynde en verbeterde prosesse .

Nadat alle oorkoepelende vereistes uitgestippel is, sal alle sleutelresultate en prosesse beoordeel word volgens internasionale standaarde as norm, insluitende Ouditeurs -generaal-kantore in ander lande. Alle maatstawwe sal egter hersien word op 'n voortges ette grondslag en toepaslik omskryf word. As eerste stap, sal interne basislyne vir die prestasiegebiede aan die Uitvoerende Komitee van die OG gedurende die oorgangsperiode voorgelê word vir aanvaarding.

Finansies

Die **Bestuurseenheid** fokus op:

- Die versekering van voldoening aan goeie bestuurspraktyke, veral in die gebiede van risikobestuur, interne beheer en wetgewing
- Gehalte besluitneming moontlik gemaak deur die verskaffing van 'n doeltreffende korporatiewe sekretariaatfunksie
- Die bestuur van die gevestigde gehalteversekeringsraamwerk vir die ouditbesigheidseenhede
- Die ontwikkeling en bestuur van 'n doeltreffende gehalteversekeringsraamwerk vir Korporatiewe Dienste.

Mensekapitaal

- **Organisatoriese leer**

Inligtings- en Kommunikasietegnologie is verantwoordelik vir:

- Tegnologiese ontwikkelings
- IT-verkryging en -instandhouding

Reputasie- en Belanghebberbestuur is verantwoordelik vir:

- Die monitering en koördinerings van reputasie - en belanghebber-tevredenheidsvereistes en -projekte
- Die verskaffing van vermoë vir reputasie- en belanghebbertevredenheidsontleding, -toetsing en -versekering
- Die verskaffing van 'n geïntegreerde strategie, 'n gekoördineerde benadering en behoeftebeplanning vir reputasie- en belanghebberverhoudingsbestuur
- Die verskaffing van kommunikasieprodukte, -dienste en –hulpmiddels om reputasie- en belanghebberverhoudingsbestuur moontlik te maak
- Om die vermoë te verskaf vir gesentraliseerde rapportering oor s strategiese beplanning en prestasie van die OG
- Die ontwikkeling en koördinerings van 'n kennisbestuurkultuur vir die OG .

Die werksmetode wat nou vir hierdie sake-eenhede ingestel word, sal insluit terugvoergroepe om die doeltreffendheid van die prosesse in plek te assesser en om die akkuraatheid, gehalte en volledigheid van werk wat gedoen is, te bekragtig.

Die **Strategie** is verantwoordelik vir:

- Die Identifisering van behoeftes en die doen van uitvoerbaarheidstudies
- Konseptualisering en ontwikkeling van besigheidsgevalle
- Beplanning en inisiëring van strategiese intervensies
- Die verskaffing van leiding oor die implementering en inwerkingstelling van projekte
- Die fokus op noukeurige waarneming van die omgewing waarin die OG funksioneer en die identifisering van gebiede vir die strategiese oorweging van die OG .

Afdeling twee:

Kategorieë OG-rekords wat beskikbaar is sonder om ingevolge die Wet toegang te versoek

In hierdie kategorie kan die OG aan die publiek kosteloos die volgende verskaf :

- Aktiwiteitsverslae (beëindig)
- Jaarverslae van die OG
- Ouditverslae van nasionale departemente & openbare instellings
- Ouditverslae van provinsiale departemente & openbare instellings
- Begroting en strategiese planne van die OG
- Korporatiewe kommunikasiepublikasies
- Algemene verslae oor provinsiale oudit-uitkomstes
- Algemene verslae oor nasionale oudit-uitkomstes
- Algemene verslae oor plaaslike-regeringsoudit-uitkomstes
- Kwartaalverslae van die OG by die voorlegging van finansiële state deur munisipaliteite (artikel 133-verslag)
- Spesiale verslae
- Spesiale verslag van die OG oor die verdragings in die tertafellegging van jaarverslae (artikel 65-verslag)
- Gespesialiseerde ouditverslae (*sluit in: Oudits van Inligtingstelsels, Prestasieoudits en Spesiale ondersoeke*)
- Inligting oor belanghebbende- en openbare aangeleenthede.

Artikel drie:

Kategorieë rekords wat gehou word in die Ouditeur -generaal volgens besigheids eenheid en -streek
Breë kategorieë rekords in die bewaring van die OG word in hierdie afdeling gespesifiseer. Die verso eker kan egter, indien meer besonderhede vereis word, die OG se goedgekeurde liasseerstelsel raadpleeg wat al die OG-prosesse weerspieël. Die lêerstelsel bestaan uit meer as 50 bladsye, en om dit by die WBTI-handleiding te voeg is nie prakties nie.

Oudit-sake-eenhede

Ouditnavorsing & -ontwikkeling
Inligtingstelselouditering,
Internasionale Ouditering
Nasionale A, Nasionale B, Nasionale C, Nasionale D,
Provinsiale Ouditkantore (*Oos-Kaap, Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Noord-Wes, Noord-Kaap, Wes-Kaap*)
Gespesialiseerde ouditdienste (*Prestasie-ouditering, Omgewingsouditering en Gespesialiseerde ouditondersoeke (Forensiese ouditering)*)

Per geouditeerde:

- Beplanningslêer
- Uitvoeringslêer(s) (wat verskeie lêers vir bedryfsdokumente)
- Uitsonderingslêer
- Verslagdoeningslêer
- Finansiële state-lêer
- Korrespondensielêer

Administratiewe lêers:

- Gebalanseerde telkaart-lêers met portefeulje van getuienis
- Opleidingslêers (opleidingsplan, nominasie vir kursusse, resultate, kursusverslae, ens.)
- begrotingsbeheerlêers (per maand met inkomstestate)
- Goedkeurings vir beurse/studieleninge
- Personeellêer, verloflêer, reis- en verblyflêer per werknemer
- Personeelaangeleenthede, bv. verkryging (advertensies, onderhoude, aanstellings, ens.), gelyke indiensneming, diensstaat, arbeidsverhoudinge, delegerings
- **Finansiële aangeleenthede**, byv. delegerings, kleinkas, koopbestellings, akkommodasie, skryfbehoeftes, telefoonrekening
- Begrotingslêers
- Kontrakwerklêers (lêer per firma)
- Bates
- Bestuursvergaderingslêers met agendas en bestuursvergaderingnotules
- Skuldeisers
- "CSA"-hulpmiddel- lêers per maand per US(Uitvoerende Sakebestuursbeampste) en Senior Bestuurder
- Portefeulje van getuienislêers op prestasiekontrakte en evaluerings per personeellid
- Lêers per spesifieke geleentheid, byvoorbeeld personeelvergaderings per maand, interne en eksterne skakeling (per funksie).

Korporatiewe Dienste

Finansies

Rekenskap gee van inkomste
Rekenskap gee van uitgawe
Besigheidsbestuur

Finansiële administrasie
Finansiële reëlins en inligting
Finansiële bestuur
Algemene administratiewe dienste

Bestuur

Uitvoerende Besigheidsbestuur:

“BSC” (Gebalanseerde telkaart) –verwante inligting
Begrotingsinligting
Opdragte aan Bestuurspersoneel
Bestuurstrategie
Inligting oor ScoAG (Telkaart van OG)
Inligting betreffende Bestuurspersoneel
Prestasiebestuursinligting
Projekte tersaaklik vir Bestuur

Regsdienste:

Begrotingsinligting
CSA-verslae
Bestuur van indiensnemingswette & -betrekkinge
Eksterne indiensnemingswetsverrigtinge
Implementering van WBTI
Regsmening
Regsprojekte
Wetgewende monitering
Litigasie tussen OG en ander partye
Prestasiebestuur
Vakbond- en konsultasieforumlêers

Gehaltebeheer:

Jaarliks bygewerkte Gehaltebeheer(GB)-vraelyste
Anonieme hersieningsverslae van die GB-assesseringskomitee
Begrotingsinligting
Databasis van US se GB-aksieplanne
Databasis van GB-resultate
Databasis van GB-beoordelaars
Prestasiebestuur
Jaarliks bygewerkte vooruitreikingshersieningsriglyne
Jaarliks bygewerkte GB-strategie
Risiko-assessering

OG-CSA -tellings
Jaarlikse risiko-assessering
CSA- vrae
CSA / risikobeleide
Interne ouditverslae
Uitstaande oudit-opsporingsdokumente

Sekretariaat

Aksielyste vir komitees
Delegerings vir die ondertekening van ouditverslae
Lys van alle beleide
Bestuursgoedkeuringsraamwerk
Notules van vergaderings
Besluite-register

Mensekapitaal

Vergoedingsbestuur
Gelyke indiensneming (GI)
Mensehulpbronbestuur
Mensehulpbronbeplanning en -inligting
Mensehulpbronverkryging
Mensehulpbrondienslewering
Organisatoriese ontwikkeling
Prestasiebestuur

Organisatoriese leer:

Bates
CSA
CTA en Voorgraadse studente
Uitgawe-eise
Eksterne Opleiding
Forbes Lever Baker
GL-rekeninge
Kingdom Caterers
Verlof
Vergaderings
MIS
Nasionale Skool vir Rekeningkunde
Proseshandleiding
Aankooporders
Telefoonrekening
Opleidingswerkwinkel -2^{de} Jaar
Opleidingsplanne
Reisplanne

Inligtings- en Kommunikasietegnologieë

Bates
Gebalanseerde telkaart
Begroting
Kontantvoorskot
Kleingeldversoek
"CSA"
Gelyke indiensneming
Algemene administrasie
Interne audit
Verlof
Koopopdragte
Produktiwiteit
Streeksopleiding (RTO)
Reis- en verblyfse

Reputasie- & Belanghebberbestuur (RBB) RBB: Grondwetlike verhouding

Administrasie

Akkommodasie (kantoor & parking - Interpark)
AG Jaarverslag
Bates
Kommunikasie (Telkom, possakke, koerier, etc.) Docex
Korporatiewe beleidsdokumente
Lewering van argiewe
Docex - Aankoop
Onthaaluitgawes (spyseniering)
Ekstra leesstof
Liasseerstelsel (Metrofile)
Buitelandse besoeke / Besoekers
Meubels en toerusting
Algemene liasseerstelsel
IT (skootrekenaars "notebooks")
Plaaslike kantooropdragte
Fotokopieer- & faksmasjien
Private telefoonoproep
Publikasies (en ander gedrukte aangeleenthede) [koerante]
Sekretariële dienste (Blomme)

APAC (Association of the Public Accounts Committees)

APAC - Finansies algemeen
vergadering en konferensie
Beplanning en advies
Navorsing
Opleiding en ontwikkeling

Oudit-opdragte

Rekenaaroudits
Forensiese oudits
Prestasie-oudits
Gereeldheidsoudits / Begrotingsproses
Strategiese riglyne

Finansiële aangeleenthe

Debiteure- / Krediteurebeheer (moniteer en opvolg)
Uitgawebeheer
Uitgawebeheer (monitering en opvolg)
Inkomstebegroting
Kleinkas
Termyn-rekeningkunde - PeopleSoft detail van nuwe

Skryfbehoeftes en drukwerk
Reis en verblyf
Reisbesprekings
TV-uitsendings

handelaar, staat na HO - IC Helpdesk)

Vergaderings

Administrasievergadering
Gebalanseerde Telkaartoorsigkomiteevergaderings
BM afvaardigingsvergaderings
Sentrumvergaderings
Finansiële Hersieningskomiteevergaderings
Bestuursvergaderings

Wetgewende bedrywighede

Rekeninge
Algemene / Gelyke Indiensneming
Ope Demokrasie
Wetsontwerp op Tesouriebeheer
Wet op die Staatsdiens
Verslae van die Parlementêre Komitees
Programme en besteldokumente
Taalbeleid
Ministersvrae
Notule van Reëlskomitee
Portefeuljekomitees (Terugvoering)
Wetgewing betreffende Wet op OG
Wysiging van Wet op OG
Wysiging aan WBOF (Wet op die Bestuur van
Openbare Finansies) & Wetgewers
Toesprake en aanbiedinge
Konferensie en spitsberade
Parlementêre reëls (NV / NRVP)

Operasionele prosedures

Ouditkommentaar (oor aangeleenthede wat geopper is)
Kontrakwerk-subkomitee
Kontraktering in / uit
Openbaarmaking van verslae (aan media)
Algemene Korrespondensie met Geouditeerdes
Diensvlakkooreenkomste
Statusverslae (oor proses met oudits) [BoE]

Parlementêre bestuurderswerkwinkel

Streekkongres

Produksie van verslae van die OG

Oudit-omsendbriewe
Ouditriglyne: Prestasieoudit
Ouditering in provinsies
Afvaardigings
Algemene Verslae
Algemene Verslae – Kwessies wat die regering die hoof
moet bied
Algemene Verslae – Oudit-uitkomstes
Algemene Verslae - artikel 65-vertragings
Drukwerk
Prosedure-omsendbriewe
Verslae van OG: Produkterugvoering / navorsing
Navorsing: OG -verslag
Standaardformate (Oudit-verslae)

KOMITEE VIR OPENBARE REKENINGE - STEUN

Agenda en notules (SKOOR)
Vereniging van die Openbare Rekeningekomitee (VORK)
Verandering die vorm van Raminge /
Begrotings
Opsommings
Woordelike getuienis
Finansiële wette en ongemagtigde uitgawes
Algemene beleid
Regsmenings
Vergaderings
Programmering & kategorisering
Navorsing
Navorsing - Internasionale navrae /
Navorsingsbesoeke

GEHALTEBEHEER

CSA -hulpmiddel (Verklaring van Konflik)
PeopleSoft probleme
QAR raamwerk vir RSCL

Personeelaangeleenthede

Regstellende aksie
Raadplegende forums (Joint Consultative
Forum(JCF)/Local Consultative Forum (LCF)
Gelyke indiensneming
Nywerheidsbetrekkings
Onderhoude
Arbeidsverhoudings / reëls vir Personeel
Verlof
Prestasiebeoordeling
Posisieprofiel en kontrakte

Besluite
SKOG (SCAG)
Opleiding
Tesourie antwoord
Getuie: Kennisgewings sal verskyn

STRATEGIESE BEPLANNING

Gebalanseerde telkaart
Gebalanseerde telkaart-verslae (dashboard)
Sakeplanne
Besigheidseenhede - Strategieë
Belanghebbertleding

OPLEIDINGSAANGELEENTHEDE

Eksterne opleiding
Interne opleiding
Plaaslike opleidingsinisiatiewe
Indiensopleiding
Studies (bystand)
Opleidingsmemo's
Opleidingsprofiel (van plaaslike personeel)

Persoonlike verkryging (Aansoek & bedanking)
Besoldiging (salarisse, breëband, ens.)
Personeelvereniging (SA-AG)
Personeel-diensstaat (Advertering & aanstellings)
Vakbonde / Institute (Lidmaatskap)
Vakansiewerke / Tydelike aanstellings

TERTAFELLEGGING VAN VERSLAE EN SKAKELING

OG-interaksie met wetgewer / RSCL-vergadering met OG
Eksterne korrespondensie (met Parlement, LP's, ens.
Betreffende verslae)
Internasionale skakeling
Gesamentlike taakspan
Mediavrstelling
Ledelys en kontaknommers\ Rekenings van nasionale regering
Prestasie-oudit - Konsultasiedienste: DSA se eie studie
Protokol met Parlement
Provinsiale regeringsrekeninge
Opnames - Kliënttevredenheidopnames
Tweemaandelikse verslae van ouditeure

Afdeling vier:**Hoe om 'n versoek om inligting by die OG in te dien**

Versoeke om toegang tot rekords van die Ouditeur -generaal kan ingedien word by die Hoofkantoor, Middelstraat 300, Muckleneuk, Pretoria, of by enige van die provinsiale/streekskantore.

Die versoek moet in die voorgeskrewe vorm ingedien word. 'n Afskrif van die vorm word aangeheg as Aanhangsel C. Alle tersaaklike dele moet ingevul word.

Versoekvorms sal beskikbaar wees by Hoofkantoor en alle provinsiale/streekskantore.

Sodra dit ingevul is, moet die vorm na 'n adjunk -inligtingsbeampte gestuur word. Die name, adresse en kontakbesonderhede van alle adjunk -inligtingsbeamptes is gelys in Aanhangsel B.

In die geval waar die rekords wat versoek word, nie persoonlike inligting van die versoeker bevat nie, is versoekgelde ingevolge die wet betaalbaar deur die versoeker voordat die versoek hanteer kan word.

Verdere toegangsgeld is betaalbaar voordat toegang tot die tersaaklike rekords toegestaan word.

Afdeling vyf:**Regsmiddele vir nienakoming van die Wet**

Enige versoeker wat ontevrede is met 'n besluit van die Ouditeur -generaal ten opsigte van 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die kantoor kan die Hoë Hof of enige ander hof van soortgelyke status nader om herstel te vra. Die Wet maak nie voorsiening vir interne appelle binne die OG nie. Die hof sal dus genader moet word in gevalle waar die versoeker appèl wil aanteken teen 'n bevinding van die kantoor.

Aanhangsel A

Lys van staatsdepartemente en entiteite wat deur die Ouditeur -generaal geoudit word.

Internasionale audits: Wessel Pretorius (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)

Tel. (012) 422 9544 Faks: (012) email: wesselp@agsa.co.za

Internasionale entiteite

Buitelandse Sake
Internasionale Sentrum for Genetiese
Ingenieurswese & Biotegnologie (ICGEB)
Spesiale howe van Sierra Leone
Raad van Ouditeure van die Verenigde Nasies
VN se Organisasie vir Nywerheidsontwikkeling
(UNIDO)

Nasionale audits:

Nasionale A: Frans Joubert (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)

□ Tel. (012) 422 9656 Faks: (012) 422 9619 fransj@agsa.co.za

Nasionale departemente

Landbou
Regering se Kommunikasie- en Inligtingstelsels (GCIS)
Behuising
Justisie en Staatkundige Ontwikkeling
Grondsake
Presidensie
Provinsiale en Plaaslike Regering
Openbare Werke
Handel en Nywerheid

Nasionale openbare entiteite

Landbounavorsingsraad
CIPRO-handelentiteit
Sitrusraad
Mededingingskommissie
Mededingingstribunaal
Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB)
Raad vir Beboude Omgewings
Rekening vir Verhaling van Strafregtelike Bates
Voogdyfonds
Onafhanklike Ontwikkelingstrust
Internasionale Handelsadministrasiekommissie (ITAC)
Grond en Landboubank van Suid-Afrika
Regshulpraad
Mielieraad
Vleisraad
Gelde in Trust
Munisipale Afbakeningsraad
Munisipale Infrastruktuurbeleggingseenheid
Nasionale Landboubemarkingsraad
Nasionale Dobbelaarad
Nasionale Loteryraad
Nasionale Loteryverspreidingstrustfonds
Nasionale Vervolgingsgesag
Nasionale Jeugkommissie
Presidentsfonds

Openbare Beskermer
Registrasie van Aktes
SA Behuisingsfonds
Kleinondernemersontwikkelingsagentskap (SEDA)
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (SALGA)
Spesiale Ondersoekkeenheid
Koringraad

Nasionale B: Graham Randall (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)
□ Tel. (012) 422 9431 Faks: (012) 422 9459 grahamr@agsa.co.za

Nasionale departemente

Gekonsolideerde Finansiële State van nasionale departemente
Onderwys
Omgewingsake en Toerisme
Binnelandse Sake
Openbare Ondernemings
Statistiek SA
Vervoer

Nasionale openbare entiteite

Gekonsolideerde Finansiële State van Openbare Entiteite	Padongelukfonds
Raad vir Hoër Onderwys	Padverkeersbestuurskorporasie
Oorgrens-padvervoeragentskap	Spoorveiligheidsreguleerder
Raad vir Onderwysarbeidsverhoudinge	SA Maritieme Veiligheidsowerheid (insluitende Maritieme Fonds)
Verkiesingskommissie	SA Nasionale Parke
Ombudsman vir Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (Fais)	SA Nasionale Padagentskap
Film- & Publikasieraad	SA-Noorweë Tersiêre
Finansiële en Fiskale Kommissie	Onderwysontwikkelingsprogram
Finansiële Intelligensiesentrum	SA Kwalifikasieowerheid
Finansiële Diensteraad	SA Inkomstediens
Staatsdrukkery	SA Toerismeraad
Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure	SA Weerdienste
Pensioenfondse	Spesiale Pensioenraad
PIC Eiendomsmaatskappye (Van Noppen, Phalaborwa & Zwartkop)	Transformasiefondse van die ELRC
Openbare Beleggingskommissarisse	Stedelike Vervoerfonds
Rekonstruksie- en Ontwikkelingsfonds	
Fonds vir Verteenwoordigde Politieke Partye	

Nasionale C: Barry Wheeler (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)
Tel. (012) 422 9550 Faks: (012) 422 9687 barryw@agsa.co.za

Nasionale departemente

Korrektiewe Dienste
Verdediging
Minerale en Energie
Staatsdiens & Administrasie
Staatsdienskommissie
SA Bestuursontwikkelingsagentskap
Maatskaplike Ontwikkeling
Spesiale Verdedigingsrekening
Sport en Rekreasie

Nasionale openbare entiteite

AEC Amersham
African Exploration
Krygkor
Krygkor-besigheid
Boks SA
CEF (Edms) Bpk
Cotec Dev
Cotec Patrade
Raad vir Geowetenskap
Cyclofil
EDI Holdings
Energie Afrika Rehabilitasie
Enerkom
Enerkom Produkte
Erasmusrand Eiendomme
Fluorochem
Fluoropack
Fluoropharm
HTP Bemaking & Vervaardiging
Instituut vir Maritieme Tegnologie
Klippoortjie
Mahnes Areas
Myngesondheids- & Veiligheidsraad

Mosshold
NTP Radio-isotope
Oliebesoedeling SA
Oospark
Overberg Toetsbaan
Petroleum Agentskap
PETROSA
PETROSA Brass
PETROSA Ekwatoriaal-Guinee SA
PETROSA Gryphon Marin Permit
PETROSA Iris
PETROSA Namibia
PETROSA Soedan
PETROSA Synfuels
PETROSA Themis
SEMCOM
SFF Assosiasie
SA Gasontwikkeling
SANERI
SA Kernenergiekorporasie
Soekor
Sportrand
Staatsinligtingstegnologie-agentskap (SITA)

Fondse van Geouditeerdes

Rampnoodlenigingsfonds
Egalisasiefonds
Hoërskool Vorentoe se Rampfonds
Vlugtelinge-noodlenigingsfonds
SANW-fonds

Fonds vir Maatskaplike Noodleniging
Staatsnoodlenigingsfonds

Munisipaliteite

Tshwane Metro Munisipaliteit

Munisipale entiteite

Civirelo Water
Handelpunt Pretoria
Tshwane Sentrum vir Sake-info

Nasionale D: Alice Muller (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)
☐ Tel. (012) 422 9587 Faks: (012) 422 9562 alice@agsa.co.za

Nasionale departemente

Kuns en Kultuur
Kommunikasie
Gesondheid
Onafhanklike Klagtedirektoraat
Arbeid
Veiligheid en Sekuriteit
Wetenskap en Tegnologie

Nasionale openbare entiteite

Afrika-Instituut van SA
AgriSeta (samesmelting van PAETA & SETASA)
BankSeta
Konstruksie-seta (CETA)
Chemiese Nywerhede-seta (CHIETA)
Klerasie & Tekstiele-seta
Vergoedingsfonds
Raad vir Mediese Skemas
WNNR
Onderwys, Opleiding en
Ontwikkeling-seta (ETDPSETA)
Energiesektor-seta (Eseta)
Erf 706 Rietfontein
Finansiële en Rekeningkundige Dienste-seta
(FASSET)
Voedsel- en Drank-seta
Bosnywerhede-seta (FIETA)
Vryheidsparktrust
Gesondheid- en Welsyn-seta
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Versekering-seta (INSETA)
Seta vir Inligtingstelsels, Elektronika en
Telekommunikasie (ISETTA)
Koning George V Silwerjubileumfonds
Plaaslike Regeringswater & Verwante SETA
Vervaardigings-, Ingenieurs- & Verwante Dienste
(MERSETA)

Media & Publikasie-seta (MAPSETA)
Markteaterstigting
Myne en Werke
Mynkwalifikasieowerheid
Nasionale Elektroniese Media-instituut van SA
(NEMISA)
Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot
Bosse
Nasionale Erfenisraad
Nasionale Intelligensie-agentskap
Nasionale Biblioteek van SA
Nasionale Navorsingstigting
Nasionale Vaardighede-fonds
Noordelike Vlagskipinstelling (NFI)
Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) PSETA
Robbeneiland-museum
SA Nasionale Akademie vir Intelligensie
SA Nasionale Vigstrust
SA Geheimediens
SASSETA (Gesamentlike Didteta & Poslec- seta)
Dienste-seta
Fabrieke vir Beskutte Arbeid
Staatsteater
Toerisme- en Gasvryheidseta
Vervoer-seta
Werkloosheidversekeringsfonds
Groothandel- en Kleinhandelseta (W&R SETA)
Waternavorsingskommissie
Waterhandelsrekening
(Toerustingverhandelingsrekening)
Windybrow-teater

Provinsiale ouditkantore

Oos-Kaap: Singa Ngqwala (Uitvoerende Sakebestuursbeampte)
